

Vakature:

NG Kerk Dordrecht, Oos Kaapland

Leraarspos (Vastetermykontrak 1-3 jaar)

Gemeenteprofiel:

Dordrecht Gemeente is gestig in 1857 en bestaan tans uit 180 belydende lidmate en 50 dooplidmate. Die gemeente resorteer binne die Ring van Dordrecht en die Oos-Kaap Sinode.

Die gemeente bely dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is, wat deur die Heilige Gees geïnspireer is. Deel van die visie van die Kerkraad is om die bediening aan ons gesinne en gemeenskap uit te bou met die oog op gemeentegroei
Sien Facebook : NG Kerk Dordrecht

Leraarsprofiel:

Alle belangstellende proponente, beroepbare leraars en emeritii tot die ouderdom 68 jaar.

Die leraar is 'n entrepreneur en implementeer 'n groeistrategie vir die gemeente, wat insluit: onaktiewe lidmate, geestelike groei, die insluit van jongmense en skoolkinders en die bediening aan seniors; 'n fasiliterende styl van leierskap wat lidmate mobiliseer, bemagtig en verenig om hulle gawes in die bediening van die gemeente uit te leef.

Pligte: Basiese leraarspligte met artikel 9 as basis en soos ooreengekom met Kerkraad.

Vergoeding en voordele: Vergoedingspakket is R430 000 (sluit bonus in). Bykomend gratis ruim pastorie met elektrisiteit, water, i- net, alarm en reiskoste vir gemeente werk.

Indien jy geroepe voel om vir die pos in Dordrecht aansoek te doen, stuur asseblief 'n volledige CV, getuigskrifte en afskrifte van akademiese kwalifikasies en akte van legitimasie. Aansoeke moet vergesel wees van 'n voltooid vraelys wat per aanvraag gestuur sal word na aansoekers

Sluitingsdatum:31/10/2024

Diensaanvaarding: 1/1/2025 of soos onderhandel

Rig aansoek aan: NG Kerk Dordrecht

Voorsitter: Van Aardt Greyling

Epos: NgKerkdordrecht@lcom.co.za

Sel: Oudl Van Aardt Greyling – 082 782 7674